



'Waterboerdery' kan só help

Môre is Wêreldvoedseldag. Henk Stander verduidelik hoe akwakultuur die nood van die 10 miljoen Suid-Afrikaners wat weekliks hongersnood ervaar, kan help verlig.



Wêreldvoedseldag word jaarliks op 16 Oktober gevier om onder meer voedselsekerheid te beklemtoon. Laasgenoemde is die mate waartoe kos beskikbaar is en 'n individu toegang daartoe het. Die Verenigde Nasies (VN) se komitee oor wêreldvoedselsekerheid definieer voedselsekerheid as die mate waartoe alle mense te alle tye fisieke, sosiale en ekonomiese toegang het tot genoeg, veilige en voedsame kos wat voldoen aan hul kosvoorekure en dieetbehoefes vir 'n aktiewe en gesonde lewe. Nog een is die beskikbaarheid van kos, ongeag klas, geslag of streek. Daar is bewyse dat voedselsekerheid duisende jare gelede al belangrik was toe antieke China en antieke Egipte kos wat geberg was in tye van hongersnood beskikbaar gestel het.

Die kompleksiteit van voedselsekerheid dra tot die probleem by. Daar is meer as 200 definisies van die konsep. Voorts het dit vier dimensies: beskikbaarheid van voedsel, toegang, gebruik en stabiliteit/volhoubaarheid. En dan is daar nog die vier vlakke van voedselsekerheid om in ag te neem – wêreldwyd, nasionaal, huishoudelik en individueel.

Ons Nasionale Ontwikkelingsplan identifiseer voedselsekerheid as 'n prioriteit. Dit vra onder meer vir grondhervorming, beter benutting van landbougrond, die ontwikkeling van kleinboere, die uitbou van volhoubare plattelandse bedrywe, groter beleggings in agri-bewerking en doeltreffender toegang tot markte en finansiële dienste vir boere.

Toelaas en werkloosheid
Die Covid-19-pandemie en die gepaardgaande inperkings het 'n

gewelddige invloed op die ekonomie en landburgers se welsyn gehad. Miljoene mense het hul werk verloor en armoede en hongersnood het die hoogte ingeskiet. Volgens 'n Ipsos-peiling is die meeste Suid-Afrikaners se inkomste negatief geraak deur die pandemie. Meer as 23% van Suid-Afrikaanse huishoudings het hongersnood in die vorige somer, en 70% was afhanklik van maatskaplike toelaas. Die werkloosheidskoers het 'n rekordhoogte van 32,8% bereik.

Asof dit nie erg genoeg was nie, het verlede jaar se "National Income Dynamics Study – Coronavirus Rapid Mobile Survey" (die sogenaamde Nids-Cram-opname) getoon dat meer as 2,5 miljoen volwasse Suid-Afrikaners en 600 000 kinders daaglik, of bykans daaglik, deur honger in die gesig gestaar word. Meer as 10 miljoen volwassenes en drie miljoen kinders het honger ervaar tydens die week voor die studie onderneem is.

Wanneer ons na hierdie ontstellende hoë koerse van hongersnood onder kinders en huishoudelike voedselonsekerheid kyk, moet ons onseff die volgende vrae vra: Hoe is dit moontlik dat ons hierdie gewelddige aantasting van kinders en volwassenes se menswaardigheid net so aanvaar? En is dit die tipe land wat ons wil hê?

Suid-Afrika is ongetwyfeld ekonomies die vooruitstrewendste en modernste land in Afrika. Ons het die mees gesofistikeerde finansiële stelsel, die beste universiteite, onafhanklike media en 'n hoogs doeltreffende belastinginvorderingsagentskap. Tog is hier 10 miljoen mense wat weekliks hongersnood ervaar. Ekonomiese groei is 'n lang-




Dié jong nylkurpers (*Oreochromis niloticus*) is gereed vir die uitgroefase op 'n akwakultuurplaas. Akwakultuur kan moontlik 'n verskil maak en 'n bydrae tot voedselsekerheid in Suid-Afrika lewer.

termynoplossing om armoede te verlig, maar ons kan tog nie sit en wag op ekonomiese groei om die voortslepende hongersnood by te lê nie? Die regering behoort alle opsies te oorweeg en 'n aksieplan of strategie te formuleer omdat die situasie al erger word.

Stygende voedselpryse beteken 'n toename in voedselarmoede. Weens die oorlog in Oekraïne het sekere voedselpryse en die prys van kunsmis in brandstof die hoogte ingeskiet.

Om hierdie negatiewe uitwerking te buffer, moet plaaslike voedselproduksietegnologie veerkragtiger raak. Suid-Afrika het reeds 'n geïntegreerde voedselsekerheidsstrategie, 'n geïntegreerde voedingsprogram, 'n zero-honger-program, verskillende vorme van landbou-ondersteu-

Só voeg verskillende akwakultuur-spesies waarde toe



Bron: Bron: Departement van bosbou, visserye en omgewingsake
THEUNIS KRUGER, Netwerk24/Grafika

ning en maatskaplike toelaas. Ander geleenthede vir plaaslike voedselproduksie en werkskepping moet egter indringend ondersoek word.

Wat is akwakultuur?
Akwakultuur kan moontlik 'n verskil maak en 'n bydrae lewer tot voedselsekerheid in Suid-Afrika. Dit behoort beslis meer aandag te geniet. Dit kan veral help om werkloosheid, armoede en hongersnood in vissersgemeenskappe te bekamp gegewe die feit dat natuurlike visbronne aan ons kus kwyn en baie plaaslike visserspesies se populasies ernstig bedreig word.

In eenvoudige taal beteken akwakultuur om in die water te boer. Volgens die VN se voedsel- en landbou-organisasie verwys akwakultuur na boerdery met

waterorganismes, insluitend vis, weekdiere, skaaldiere en waterplante.

Boerdery impliseer 'n vorm van ingryping in die grootmaakproses om die produksie te verbeter, soos voer, beskerming teen roofdiere, ensovoorts. Dit impliseer ook individuele of korporatiewe eienaarskap van die voorraad wat verbou word. Die VN se Algemene Vergadering het juis 2022 as die Internasionale Jaar vir Artistieke Vissers en Akwakultuur verklaar.

Akwakultuur in Suid-Afrika is nog in sy kinderkoene in vergelyking met die visserybedryf en betreklik klein wat volumes betref. Ons is maar tiende onder Afrikaanse wat produksievolumes betref. Die fokus val hoofsaaklik op duurder akwakultuurspesies met perlemoen wat as die voorste spesie beskou word wat ekonomiese waarde betref.

Die departement van bosbou, visserye en die omgewing se meeseterplan vir akwakultuur in 2022 toon 'n groot toename van 75% in produksie oor die vyf-jaartydperk van 2013 tot 2017. Akwakultuur het geleidelik 'n produksie van ongeveer 7 000 ton in 2018 en 'n markwaarde van R1 miljard sonder toerisme bygereken.

Daar is 3 250 direkte en 6 500 indirekte werkeleenthede in die plaaslike akwakultuur-waardeketting vir 2018 geskep. Akwakultuur kan egter baie meer werkeleenthede in Suid-Afrika skep. Die geleentheid is daar om 'n positiewe bydrae tot voedselsekerheid en werkskepping te maak.

Voedselsekerheid
Akwakultuur het die potensiaal om:
 ■ Die produksievlakke van die reprotie te verhoog met die produksie van inwint en skulpvis wat tot plaaslike voedselsekerheid sal bydra;
 ■ Seewier te produseer wat gebruik kan word as voedselbron, kunsmis, en biobrandstof;
 ■ Die druk op visbronne in die natuur te verminder deur vir vissers 'n alternatiewe inkomste

en bestaansmoontlikheid te bied;
 ■ Natuurlike bromme aan te vul deur die kunsmatige produksie van inheemse visserspesies. Só kan perlemoen en plaaslike inwintspesies byvoorbeeld kunsmatig op land geproduseer word en teruggelaas word in die see om die visbedryf te ondersteun;

■ Voedsel te produseer vir arm gemeenskappe aan die Weskus waar varswater skaars is deur die toepassing van tegnologie soos akwaponika — die samevoeging van akwakultuur en planterbouing sonder grond (hidroponika);

■ Die produksie van varswater-visserspesies soos byvoorbeeld karp en baber 'n hupstoot te gee teen einde die armoede van voedsel te voorsien. China is hier 'n goeie voorbeeld; en

■ Die land te help om buitelandse valuta te verdien en die ekonomie te laat groei deur die produksie en uitvoer van waarde-voerende spesies soos garnale, oesters, perlemoen, kreef, seekastaling, waaiermossels en so meer.

Akwakultuur kan dus 'n verskil maak en 'n bydrae tot voedselsekerheid in Suid-Afrika lewer. Akwakultuur is egter taaillik tegnies en kennis-intensief. Voorts is daar is ook uitdagings soos 'n beperkte aantal beskutte gebiede vir akwakultuur aan ons kus, die beperkte getal inheemse spesies met akwakultuur-potensiaal, die gebrek aan finansiering en die ekonomie van skaal.

Die regering en die privaat sektor moet saamwerk om akwakultuur toegankliker vir gewone Suid-Afrikaners te maak. Nuwe akwakultuur-wetgewing en die akwakultuur-meesterplan waarvan tans gewerk word, sal hopeklik 'n plaaslike mark en nuwe besighedegeleenthede en groei skep. Dit is beslis iets waarin ons behoort te belê om voedselsekerheid te help bevorder en vir baie Suid-Afrikaners die kans te gee om kos op hul bord te sit.

■ **Stander is 'n akwakultuurkenner en tegnieser hoof van die Akwakultuur/Waterinstuut aan die Universiteit Stellenbosch.**



This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.

